

HOOFSTUK 3

DIE ROL EN TAAK VAN ONDERWYSERS EN SPELTERAPEUTE IN DIE HANTERING VAN DIE MULTI-GETRAUMATISEERDE KIND

3.1 INLEIDING

Multi-trauma en post-traumatiese stres reaksies wat daarmee gepaard gaan het 'n negatiewe impak op die kritieke ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare (Vergelyk Pennels & Smith, 1995:9 en Briere, 1992:17.) Weens die hoë voorkoms van misdaad en trauma in Suid-Afrika is die navorser oortuig dat dit noodsaaklik is dat volwassenes wat 'n betekenisvolle rol in die lewe van kinders vervul, bewus sal wees van die simptome van multi-trauma en effektiewe wyses om die kind deur die proses van trauma te ondersteun en te begelei. (Vergelyk Pennels & Smith, 1995:7 en Lewis, 1999:40.)

Terapeutiese toetrede tot die kind deur spelterapeute en die ondersteuning van die kind deur betekenisvolle sisteme soos die skool en onderwysers kan die kind sinvol deur die proses begelei en sy funksionering verbeter. Skole en onderwysers is die persone wat as *in loco parentis* optree gedurende skoolure en gevolglik kan hulle 'n belangrike rol vervul in die ondersteuning van die getraumatiseerde kind. Vos (1997:39) is van mening dat die skool een van die belangrikste sisteme is wat die kind kan ondersteun en bystaan wanneer die kind trauma of probleme moet verwerk.

Die navorser is van mening dat spel terapie met die kind wat multi-getraumatiseerd is, deur samewerking met onderwysers bevorder kan word. Onderwysers en spelterapeute vervul egter elk 'n unieke rol wanneer dit kom by die hantering van die mutli-getraumatiseerde kind. In die hoofstuk sal daar vervolgens gekyk word na die hantering van die multi-getraumatiseerde kind en die rol wat onderwysers en spelterapeute onderskeidelik, in die proses

vervul. Aandag sal ook geskenk word aan die moontlike samewerking tussen onderwysers en spelterapeute as multi-professionele span.

3.2 **SPELTERAPIE EN DIE ROL EN TAAK VAN DIE SPELTERAPEUT**

Spel terapie word deur Blom (1997:9) beskryf as 'n psigoterapeutiese tegniek waardeur die spelterapeut aan die kind die geleentheid bied om homself en sy gevoelens op 'n verbale en/of nie-verbale wyse uit te druk. Van der Sandt (2001:7) sluit hierby aan en meld dat spel terapie gebaseer word op die feit dat spel die kind se natuurlike medium tot self-uitdrukking is. Die kind word dus die geleentheid gebied om sy gevoelens en probleme op 'n nie- bedreigende wyse, uit te speel.

Volgens die navorser kan spel terapie dus gesien word as die proses waardeur die terapeut poog om via spel, aan die kind die geleentheid te bied om in kontak te kom met homself, sy onvervulde behoeftes, probleme te ontdek en alternatiewe te vind om aan te pas binne sy unieke situasie. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 1996:345.)

Oaklander (1988:192) vat die essensie van die terapeut se rol en die proses van spel terapie saam wanneer sy sê:

“ ...it is up to me to provide means by which we will open doors and windows to their inner worlds. I need to provide methods for children to express their feelings, to get what they are keeping guarded inside out into the open, so that together we can deal with this material..”

Die spelterapeut, deur die proses van spel terapie, en met behulp van terapeutiese vaardighede en spel tegnieke bied dus aan die kind die geleentheid om uiting te gee aan sy gevoelens en om keuses te maak ten einde die las wat die hy dra te verlig. (Vergelyk Oaklander, 1988:193 en Geldard en Geldard, 1999:35.) In die geval van die multi-getraumatiseerde kind het die spelterapeut, in breë dieselfde rol en taak om te vervul.

3.2.1 Die rol en taak van die spelterapeut in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind

Kinders is unieke wesens en nie alle kinders hanteer die impak van multi-trauma en post traumatiese stres simptome dieselfde nie. In die geval waar 'n kind aan multi-trauma blootgestel is en waar post-traumatiese stres simptome negatief op die kind se ontwikkelingsterreine impakteer, mag dit nodig wees dat die kind vir professionele hulp verwys word.

Lewis (1999:174) lig die volgende gevaartekens uit wat 'n aanduiding bied dat 'n multi-getraumatiseerde kind professionele hulp benodig:

- Die kind se gedrag is skadelik vir homself en / of ander;
- Die kind se funksionering gaan op een of meer terreine merkbaar agteruit;
- Probleme binne die skool verbeter nie in die maande opvolgend tot die trauma nie (insluitend swak konsentrasie, swak prestasie en ontwrigtende gedrag);
- Fisiese verandering soos gewigstoename, gewigsverlies en volgehoue gebrek aan energie kom voor;
- Die kind verloor hoop in die toekoms en genot en plesier in die lewe;
- Die trauma bly die fokus in die kind se lewe en skuif nie na die agtergrond nie;
- Daar is 'n merkbare verandering in die kind se persoonlikheid;
- Konstante voorkoms anti-sosiale gedrag;
- Teenwoordigheid van sterk skuldgevoelens by die kind; en
- Simptome van depressie wat langer as twee weke duur.

Wanneer 'n kind enige van die bogenoemde simptome of gevaartekens openbaar is dit 'n aanduiding dat dit in die kind se belang is om vir professionele hulp verwys te word.

Speltherapeute kan deur die proses van speltherapie aan die multi-getraumatiseerde kind die geleentheid bied om op 'n nie-bedreigende wyse deur die trauma te werk. Lewis (1999:180) identifiseer die volgende doelwitte in terapie met die multi-getraumatiseerde kind:

- Terapie moet aan die kind die geleentheid bied om sy gedagtes en gevoelens, vrylik binne 'n veilige omgewing uit te druk;
- Terapie help die kind verstaan waarom hy voel soos hy voel en help die kind om sy gevoelens te bemeester;
- Terapie elimineer en of verminder die simptome van post-traumatiese stres;
- Terapie help die kind om meer selfversekerd, vaardig en in beheer van sy lewe te voel;
- Dit stel enige misverstande of wanpersepsies rakende die trauma reg;
- Dit herstel vertroue in ander mense en in verhoudings; en
- Terapie minimaliseer die langtermyn effek van trauma.

Dit is gevolglik die taak van die spelterapeut om die voorafgaande doelwitte binne terapie met die multi-getraumatiseerde kind na te streef.

Pennels & Smith (1995:40,42) sluit by Lewis (1999:180) aan en meld verder dat die rol en taak van die maatskaplike werker of te wel spelterapeut ook die volgende insluit:

- Help die kind om die impak van die trauma op homself en sy gesin te verstaan;
- Verduidelik aan die kind die verskillende wyses waarop mense op trauma reageer;
- Laat tyd en ruimte toe vir die kind om sy storie te vertel en sy gevoelens uit te druk;
- Wees bedag op die kind se reaksie op trauma en help ouers, onderwysers en ander betekenisvolle volwassenes om moontlike emosionele en gedragsprobleme by die kind te verstaan; en

- Tree op as rolmodel en ondersteuning vir ander volwassenes in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind.

Vanuit die verwysings van die voorafgaande skrywers (Lewis, 1999:180 en Pennels & Smith, 1995:40,42) wil die navorser saamvat deur die rol en taak van die spelterapeut ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind, as drieledig te beskryf. In die eerste plek is dit die rol en taak van die spelterapeut om deur middel van terapeutiese vaardighede, speltegnieke en die proses van speltherapie aan die kind die geleentheid te bied om binne 'n veilige omgewing in kontak te kom met homself, sy gevoelens en sy probleme wat uit die trauma spruit. Smith (2000:121) meld in die verband dat die spelterapeut van 'n verskeidenheid van tegniek soos verf, teken, handpoppe en storievertelling gebruik kan maak om die kind in staat te stel om uiting aan sy gevoelens te gee. Die spelterapeut het verder ook die taak om deur middel van keuses, bemagtiging en alternatiewe die kind te begelei om weer in beheer te voel en die impak van trauma te bowe te kom. (Vergelyk Lewis, 1999:180 en Oaklander, 1988:193-194.)

Ten tweedens is dit die rol en taak van die spelterapeut om die kind se gesin by terapie te betrek en aan hulle die nodige ondersteuning en hulp te bied (Vergelyk Pennels & Smith, 1995:43.) Wanneer daar terapeuties met 'n kind gewerk word is dit belangrik om die gesinsisteem waaruit die kind kom in ag te neem. Van der Merwe (1996:25) meld in die verband dat dit onmoontlik is om in isolasie met die kind te werk en meen dat ouers vennote in die terapeutiese proses is. (Vergelyk Lewis, 1999:180.) Dit is nodig om ouers en gesinslede deurlopende by die proses van terapie te betrek ten einde die impak van trauma op die kind en die gesin aan hulle te verduidelik, die gesin te ondersteun en hulle bewus te maak van moontlike verandering binne die gesinsisteem wat nodig mag wees (Geldard & Geldard, 1999:43) (Vergelyk Pennels & Smith, 1995:40.) Smith

(2000:121) meen egter dat wanneer daar vanuit 'n sisteem perspektief gekyk word na die multi-getraumatiseerde kind dit belangrik is om in ag te neem dat multi-trauma wat deur een gesinslid beleef is – weens die interafhanklikheid van die sisteem – ook 'n invloed sal uitoefen op al die ander gesinslede. Gevolglik meld Smith (2000:119) dat die gesin meer as net ondersteuning en inligting benodig, maar beveel hy die benutting van gesinsterapie aan wanneer daar met die multi-getraumatiseerde kind gewerk word. Afhangende van die impak wat multi-trauma dus op die gesin het, is die navorser van mening dat die spelterapeut ook die rol van gesinsterapeut moet inneem of waar die terapeut nie self die rol in neem nie, die gesin vervolgens vir gesinsterapie moet verwys.

Die spelterapeut het egter ook 'n opvoedkundige en ondersteunende rol om te vervul ten opsigte van ander sisteme, soos die skool en onderwysers, wat by die multi-getraumatiseerde kind betrokke is. Pennels & Smith (1995:41) meld in die verband dat dit die taak van die terapeut is om onderwysers en ander betekenisvolle volwassenes, te help om emosionele en gedragsprobleme wat by die multi-getraumatiseerde kind mag voorkom, te verstaan. Die navorser wil hierby aansluit en meld dat in die lig daarvan dat onderwysers gedurende skoolure as *in loco parentis* optree, dit belangrik is dat spelterapeute onderwysers sal opvoed ten opsigte van die simptome en gevaartekens van post traumatiese stres by die kind, die korrekte hantering en ondersteuning van die multi-getraumatiseerde kind en die korrekte verwysingsprosedures waar van toepassing.

Net soos spelterapeute 'n waardevolle rol speel in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind, net so vervul onderwysers ook 'n unieke rol en taak wanneer dit by die hantering van die multi-getraumatiseerde kind kom. Die unieke rol van die onderwyser in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind, sal vervolgens bespreek word.

3.3 DIE SKOOLSISTEEM EN DIE ROL EN TAAK VAN ONDERWYSERS

Die Nasionale Onderwys Beleid (Wet 27 van 1996) definieër die begrip onderwyser of opvoedkundige soos volg:

“ Any person who teaches, educates, trains other persons or provides professional educational services, including professional therapy and educational psychological services, at any public school, further education and training institution, departmental office or adult basic education center who is appointed in a post on any establishment under the Employment of Educators Act, 1998 (No 75 of 1998).

‘n Onderwyser kan verder gedefinieer word as ‘n persoon wat binne ‘n skoolstruktuur onderrig bied. Met onderrig word bedoel ‘ *guidance, instruction or something that is taught..*’. (Allen, Higgleton & Seaton, 1996:487). As daar na hierdie definisies van die begrip onderwyser gekyk word blyk dit duidelik vir die navorser dat die primêre rol en taak van die onderwyser is om akademiese leer te fasiliteer.

Meer spesifiek behels die posbeskrywing van ‘n onderwyser (posvlak 1) die volgende rolle en take:

- Curriculum ontwikkeling;
- Ontwikkeling van ‘n geskikte leeromgewing;
- Voorbereiding en aanbieding van leermateriaal;
- Klaskamer bestuur;
- Assessering van leerlinge;
- Rekordhouding en analisering van data;
- Ontwikkeling van vaardigheid in die betrokke leerarea;
- Professionele ontwikkeling en deelname aan professionele liggame;
- Professionele verhoudings met kollegas handhaaf; en
- Neem van initiatief, besluite en leierskap

(Naido, 2003:13-14)

Dit blyk vir die navorser, vanuit die formele definieëring en formele posbeskrywing van onderwysers, dat daar wynig ruimte gelaat word vir die ondersteuning en hantering van die leerling met spesiale behoeftes soos die multi-getraumatiseerde kind. Vanuit die navorser se onderhoude met die Departementshoof Lewensvaardigheid, Mnr P Joubert van John Mitchell School (Joubert, 2002) en die Departementshoof Lewensvaardigheid, Mev Turner van Kensington Laerskool (Turner,2003), blyk dit dat daar tog vanaf skole en die Gautengse Departement van Onderwys, 'n verwagting is dat onderwysers die volle spektrum van leerlinge se behoeftes, binne die klaskamer sal akkomodeer en hanteer. (Vergelyk Gauteng Department of Education, 2003:3.)

Alhoewel dit nog nie formeel in die posbeskrywing van onderwysers vervat is nie is daar egter wel 'n verwagting dat onderwysers spesiale behoeftes van leerlinge sal akkomodeer en aan die leerlinge die nodige ondersteuning sal bied. Gevolglik het onderwysers ook 'n unieke rol te vervul in die hantering en ondersteuning van die multi-getraumatiseerde kind in die klaskamer.

3.3.1 Die rol en taak van onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind

Onderwysers en skole kan 'n betekenisvolle rol in die lewe van die multi-getraumatiseerde kind vervul. Nie alleenlik bring kinders die grootste deel van hulle dag binne die skoolsisteem deur nie, maar soos reeds gemeld tree onderwysers in baie opsigte as plaasvervangende ouers op en vervul onderwysers dikwels 'n prominente rol in die lewe van die kind in die middelkinderjare. (Vergelyk Louw, *et.al.*,1998:325.)

Pennels & Smith (1995:31) sluit hierby aan en meld dat die skool dikwels vir kinders 'n veilige hawe weg van die trauma of probleme by die huis is

en gevolglik word daar gevind dat kinders dikwels by die skool uiting aan hulle gevoelens en frustrasies sal gee.

As daar gekyk word na die spesifieke rol en taak wat onderwysers kan vervul in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind, identifiseer Pennels & Smith (1995:37) die volgende aspekte:

- Onderwysers moet oplet na veranderings in kinders se gedrag en bewus wees van die simptome en gevaartekens wat met post traumatiese stres geassosieer word;
- Onderwysers moet bedag wees op die reaksie van die portuurgroep teenoor die getraumatiseerde kind en die moontlike impak hiervan op die multi-getraumatiseerde kind;
- Onderwysers moet 'n ondersteunende atmosfeer skep waarbinne leerlinge openlik kan gesels en gevoelens kan deel;
- Onderwysers moet leerlinge se reg op privaatheid respekteer, maar terselfdertyd nie leerlinge afsonder van hul portuurgroep nie;
- Onderwysers moet kennis dra van beskikbare hulpbronne soos gepaste leesmateriaal en professionele terapeutiese dienste; en
- Onderwysers moet sterk bande met die gesin en ander betekenisvolle persone daarstel en handhaaf.

Vanuit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die rol van die onderwyser ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind hoofsaaklik dié van ondersteuning is en om die kind in kontak te bring met die nodige hulpbronne, waar nodig. Horwarth (2001:188) sluit hierby aan en is van mening dat onderwysers, weens die daaglikse kontak wat hulle met die kind het en hulle professionele kennis ten opsigte van die kind se ontwikkelingsbehoefte, in die aangewese posisie is om die vordering en aanpassing van die kind te monitor. Onderwysers het dus ook 'n rol om te vervul deur die multi-getraumatiseerde kind se funksionering en gedrag te

monitor en die behoefte van die multi-getraumatiseerde kind aan terapie te identifiseer. (Vergelyk Horwath,2001:188.)

McWhirter, McWhirter, McWhirter & McWhirter (1998:198) is van mening dat die skool egter nie net 'n rol het om te speel met die afloop van traumatiese gebeure in die lewe van die kind nie, maar dat skole en onderwysers ook 'n voorkomende rol het om te vervul. (Vergelyk Smith,2000:126.) Lewis (1999:78) sluit hierby aan en meld dat bo en behalwe vir ondersteuning kan en moet onderwysers ook 'n opvoedkundige rol vervul deur leerlinge voor te berei op die moontlikheid van trauma. Smith (2000:126) verduidelik die idée soos volg:

“Teachers should also be trained to provide children with small doses of information about stressful topics, such as death, for the purpose of preparing children in advance for the certain reality of future exposure. There can be no doubt that children would be much better equipped to deal with trauma, if the standard curriculum in school helped prepare them for the reality that trauma exists and that it is a topic that can be discussed.”

Deur middel van klaskamer besprekings of groepsbesprekings kan onderwysers die konsep van trauma aan kinders bekendstel en kinders bewus maak van die post traumatiese simptome wat dikwels op trauma volg. Inligting rakende hulpbronne in die gemeenskap moet ook aan kinders deur gegee word (Lewis, 1999:78). McWhirter, *et.al.*, (1998:126) verwys hierna as informasie gebaseerde intervensie en meen dat onderwysers deur middel van klasbesprekings kan fokus op post traumatiese stress simptome, kommunikasie binne die gesin, kognitiewe distorsies rakende trauma en ander faktore wat met trauma en post traumatiese stres geassosieer word. (Vergelyk Smith,2000:127.)

Nie alleenlik word leerling voorberei op die post traumatiese stres simptome wat met trauma gepaard gaan nie, maar die navorser is van mening dat 'n gesindheid van empatie en ondersteuning onder leerling ook teweeg gebring kan word. (Vergelyk Lewis, 1999:78.) Die navorser is verder van mening dat die tipe klas besprekings ook moontlik daartoe kan bydra dat multi-getraumatiseerde kinders wat nog nie hul trauma met volwassenes gedeel het nie, na vore kom vir hulp.

Dit is volgens die navorser van kardinale belang dat onderwysers 'n netwerk sal opbou met ander professionele persone wat binne die veld van kindertrauma en terapie met kinders, werksaam is. Onderwysers moet oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die getraumatiseerde kind te kan identifiseer en te weet wanneer om 'n kind vir terapie te verwys en hoe om die getraumatiseerde kind te ondersteun. Die navorser is egter van mening dat dit hier is waar die rol van die onderwyser ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind ophou en die spelterapeut die verantwoordelikheid ten opsigte van terapie moet oorneem.

Samewerking tussen spelterapeute en onderwysers is in die beste belang van die multi-getraumatiseerde kind. Die navorser is van mening dat die unieke rol van beide spelterapeute en onderwysers mekaar kan aanvul en dat samewerking die terapeutiese insette van die spelterapeut kan bevorder.

3.4 SAMEWERKING TUSSEN SPELTERAPEUTE EN ONDERWYSERS IN DIE HANTERING VAN DIE MULTI-GETRAUMATISEERDE KIND

Wanneer die onderskeie unieke rolle van spelterapeute en onderwysers in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind onder oë geneem word, blyk dit vir die navorser dat samewerking tussen onderwysers en spelterapeute nie net tot bevordering van die rol en taak van beide is nie, maar ook in die beste belang van die multi-getraumatiseerde kind is.

Horwarth (2001:78) sluit hierby aan en meld dat die behoeftes en probleme van kinders slegs effektief aangespreek kan word deur middel van samewerking tussen die verskillende professies betrokke by die kind. Dit is egter van kardinale belang dat die rol en taak van alle partye uit die staan spoor duidelik geklarifiseer word ten einde enige probleme te voorkom (Horwarth,2001:78 en Mabey & Sorensen, 1995:86). Wanneer daar gekyk word na samewerking tussen onderwysers en spelterapeute is dit verder belangrik dat die verantwoordelikheid van elke party duidelik gestel word en dat aspekte soos vertroulikheid en die deel van informasie oor professionele grense uitgeklaar word. Mabey & Sorensen (1995:86) verduidelik dat hulle bevind het dat sodra vertrouwe en insig in die unieke rol van beide onderwysers en spelterapeute bewerkstellig is, die twee professies dikwels vind dat hulle rolle en take mekaar komplimenteer.

Die skrywers McWhirter, *et.al.* (1998;70) is van mening dat samewerking tussen onderwysers en spelterapeute bevorder kan word deur gereelde en gefokusseerde vergaderings tussen onderwysers, spelterapeute en ander professionele persone betrokke by kinders, te hou. In lyn met die menings van McWhirter, *et.al.* (1998:70) is die Gauteng Departement van Onderwys huidiglik besig met die implimentering van skoolgebaseerde ondersteuningsgroepe by alle skole. (Vergelyk Joubert, 2003.)

Skoolgebaseerde ondersteuningsgroepe is 'n struktuur binne die skool met die primêre rol om ondersteuning aan leerlinge en onderwysers te koördineer. Die ondersteuning aan leerlinge en onderwysers behels dan ook die identifisering en aanspreek van die leerder, onderwyser en die skoolstruktuur se behoeftes (Gauteng Department of Education,2003).

Die samestelling van die span word bepaal deur die grootte en behoeftes binne elke skool, maar die kernlede van die span moet die volgende insluit:

- Departementshoof van die betrokke fase waarin die leerling verkeer (Fondasiefase of Seniorfase);
 - Departementshoof Lewensvaardigheid;
 - Die verwysende onderwyser;
 - Die skoolhoof of sy verteenwoordiger;
 - 'n Verteenwoordiger van die skool se assesseringskomitee;
 - 'n Verteenwoordiger van die leerderondersteuningskomitee; en
 - Ander rolspelers soos spelterapeute, arbeidsterpeute, spraakterapeute, welsynsorganisasies en andere, waar van toepassing
- (Gauteng Department of Education, 2003).

Die navorser is van mening dat spelterapeute 'n waardevolle rol in skoolgebaseerde ondersteuningsgroepe kan vervul en dat gereelde vergaderings van die groepe samewerking tussen onderwysers en spelterapeute kan fasiliteer.

Smith (2000:106) meld dat die motivering agter samewerking tussen onderwysers, spelterapeute en selfs ander professies betrokke by die multi-getraumatiseerde kind, gemik is op die daarstelling van toepaslike ondersteuningstelsels, effektiewe assessering van die behoeftes van die kind en professionele intervensie. Die klem is dus op 'n holistiese model wat 'n kollektiewe benadering aan moedig by al die partye betrokke by die ondersteuning van en hulp aan die multi-getraumatiseerde kind.

3.5 SAMEVATTING

Onderwysers en spelterapeute het elk unieke take en rolle om te vervul in die hantering van die multi-getraumatiseerde kind.

Die rol en taak van die spelterapeut is hoofsaaklik drieledig van aard. In die eerste plek het die spelterapeut 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor die multi-getraumatiseerde kind in individuele terapie deur aan die kind die

geleentheid te bied om deur die trauma te werk en die kind te bemagtig om die effek van die trauma op sy lewe te bowe te kom. Die spelterapeut het egter ook 'n rol om te vervul binne die gesin van die multi-getraumatiseerde kind, hetsy deur ondersteuning aan die gesin te bied of deur die gesin te verwys vir gesinsterapie waar nodig. In die laaste plek het die spelterapeut ook 'n ondersteunende- en opvoedingstaak teenoor onderwysers en ander persone betrokke by die multi-getraumatiseerde kind.

Vanuit die literatuur blyk dit dat onderwysers weens hulle daaglikse kontak met die multi-getraumatiseerde kind, in die aangewese posisie is om die kind se behoeftes te assesser en te besluit wanneer dit nodig is om die kind vir terapie te verwys. Buiten vir die ondersteunende rol wat onderwysers kan vervul het hulle egter ook 'n opvoedingstaak teenoor leerlinge wat hulle kan voorberei op moontlike trauma en post traumatiese stres simptome.

Dit wil uit die onderskeie rolle en take van onderwysers en spelterapeute ten opsigte van die multi-getraumatiseerde kind, blyk dat beide nie alleenlik 'n unieke rol het om te vervul nie, maar dat die onderskeie rolle mekaar ook kan aanvul en komplimenteer. Vanuit 'n holistiese en kollektiewe benadering blyk samewerking tussen onderwysers en spelterapeute die onderskeie rolle en take van beide te bevorder en gevolglik ook tot voordeel te wees van die multi-getraumatiseerde kind.